Munisipaliteit
Municipality
Umasipala

NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU IN DIE BANKETSAAL, MALMESBURY OP WOENSDAG, 13 JULIE 2016 OM 11:00

TEENWOORDIG:

Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen (voorsitter)
Uitvoerende Onderburgemeester, rdh M S I Goliath

Lede van die Burgemeesterskomitee:
Rdl M Rangasamy
Rdl R F van der Westhuizen
Rdl M van Zyl
Rdl W Wilskut

Ander raadslede:
Rdh N J A Rust

Beamptes:
Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
wnd Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M A C Bolton
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr A J Botha
Komiteebeampte, me S A Kulsen

1. OPENING

Rdl R F van der Westhuizen open die vergadering met gebed op versoek van die voorsitter.

2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Geen

3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/SPREEKBEURTE

Geen

4. NOTULES

4.1 NOTULE VAN 'N GEWONE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE-VERGADERING GEHOU OP 8 JUNIE 2016

BESLUIT

Dat die notule van 'n Gewone Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou op 8 Junie 2016 goedgekeur en deur die Burgemeester onderteken word.

5. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

Geen

6./...

6. MAANDVERSLAG T.O.V. MEI 2016

6.1 MUNISIPALE BESTUURDER (7/1/2/2-7)

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die maandverslag van die Munisipale Bestuurder, sowel as vordering met die Dienslewerings- en Begrotingsimplementeringsplan (SDBIP) vir Mei 2016.

6.2 KORPORATIEWE DIENSTE (7/1/2/2-1)

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die maandverslag van die Direktoraat: Korporatiewe Dienste vir Mei 2016.

6.3 FINANSIËLE DIENSTE (7/1/2/2-2)

Die Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen, versoek dat met die aanstelling van die nuwe Raad na afloop van die plaaslike verkiesings op 3 Augustus 2016, die kwartaallikse verslag ingevolge artikel 52 van die MFMA aan die volle raad voorgelê sal word. Daar sal van raadslede verwag word om meer aandag hieraan te skenk, aangesien die kwartaallikse verslag ook aan die provinsiale regering deurgegee moet word.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die maandverslag van die Direktoraat: Finansiële Dienste vir Mei 2016.

6.4 SIVIELE INGENIEURSDIENSTE (7/1/2/2-4)

Die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr A J Botha, noem dat die watervlak van die Voëlvleidam tans 38% is en dat daar ’n waterbesparing van 22% is.

Die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste noem verder dat die Departement van Waterwese ’n vergadering op Piketberg vir 26 Julie 2016 belê het wat sal handel oor die storting van riool in riviere deur munisipaliteite en hoe munisipaliteite daarvoor in die toekoms aangeslaan kan word.

Die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste onderneem om hierdie vergadering by te woon om sodoende meer inligting hieromtrent te verkry.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die maandverslag van die Direktoraat: Siviele Ingenieursdienste vir Mei 2016.

6.5 ELEKTRIESE INGENIEURSDIENSTE (7/1/2/2-6)

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die maandverslag van die Direktoraat: Elektriese Ingenieursdienste vir Mei 2016.

6.6 BESKERMINGSDIENSTE (7/1/2/2-3)

6.6.1 PRESTASIEMETINGSVERSLAG

6.6.2 VERKEER- EN WETSTOEPASSINGSDIENS

6.6.3 BRANDBESTRYDING

6.6/...

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die maandverslag van die Direktoraat: Beskermingsdienste vir Mei 2016.

6.7 ONTWIKKELINGSDIENSTE (7/1/2/2-5)

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die maandverslag van die Direktoraat: Ontwikkelingsdienste vir Mei 2016.

7. NUWE SAKE

7.1 ONTVANGS VAN MEMORANDUM TYDENS OPTOG VAN 17 JUNIE 2016 (14/2/1/1) (WYK 9)

Tydens die optog van 17 Junie 2016 is ’n memorandum deur die Uitvoerende Burgemeester en Munisipale Bestuurder in ontvangs geneem.

Die memorandum versoek dat daar binne 14-dae op die inhoud van genoemde skrywe gereageer word, en as sulks word die kommentaar daarop voorgelê aan die komitee vir kondonering.

BESLUIT

(a) Dat daar kennis geneem word van die inhoudelike van die memorandum wat tydens 'n optog van 17 Junie 2016 ontvang is;

(b) Dat daar eweneens kennis geneem word van die kommentaar wat verskaf is en dat die kommentaar aanvaar word as die munisipaliteit se formele standpunt;

(c) Dat die inhoud van die skrywe gedateer 23 Junie 2016 en ontvang deur mnr B Penxa op 24 Junie 2016 derhalwe gekondoneer word;

(d) Dat die volgende aangeleenthede voortspruitend uit voormelde skrywe verdere aandag geniet –

(i) Die opgradering van Naphakade Primêre Skool as 'n behoefte op die wyksplan van Wyk 9 gevoeg word;
(ii) Oorweging verleen word aan die toekenning van die volgende straatname in die Phola Park behuisingsprojek, naamlik Zuma- en Zatustraat;
(iii) Die versoek om die Kliniek op 'n 24/7 basis te bedryf aan die Departement van Gesondheid deurgegee word;
(iv) Dringend ondersoek ingestel word om 'n vendorpunt nader aan die Ilinge Lethu-gemeenskap te vestig;
(v) Die versoek insake 'n Biblioteek vir Ilinge Lethu aan Provinsie deurgegee word.

7.2 MOORREESBURG PROTESOPTOG: KOMMENTAAR OP MEMORANDUM ONTVANG OP 1 JULIE 2016 (14/2/1/1) (WYK 2)

Tydens die optog van 1 Julie 2016 is ’n memorandum deur die Uitvoerende Burgemeester en wnd Munisipale Bestuurder in ontvangs geneem.

Die memorandum versoek dat daar binne 14-dae op die inhoud van genoemde skrywe gereageer word, en as sulks word die kommentaar daarop voorgelê aan die komitee vir oorweging.

Besluit/...

7.2/...

BESLUIT

(a) Dat kennis geneem word van die inhoudelike van die memorandum wat tydens ’n optog van 1 Julie 2016 ontvang was;

(b) Dat daar eweneens kennis geneem word van die kommentaar wat verskaf is en dat die kommentaar aanvaar word as die munisipaliteit se formele standpunt;

(c) Dat die kommentaar op skrif gestel word en aan die betrokkenes gelewer word.

7.3 NUWE STRAATNAME: PHOLA PARK 2 (16/5/6) (WYK 9)

Die straatname vir Phola Park 2 was tydens die Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou op 14 Oktober goedgekeur, maar Zatu- en Jacob Zumastrate was nie aanbeveel vir goedkeuring nie.

Na aanleiding van die memorandum ontvang vanaf die inwoners van die area, blyk hierdie twee straatname 'n brandpunt te wees en het die verkose komitee van Phola Park ook by verskeie geleenthede versoek dat genoemde straatname goedgekeur moet word.

Aangesien daar geen riglyne is t.o.v. die benoeming van straatname nie, en a.g.v. die versoek vanaf die verkose komitee op verskeie geleenthede, word die twee straatname weereens voorgelê vir oorweging.

BESLUIT

Dat hierdie item oorstaan tot die volgende Uitvoerende Burgemeesters-komiteevergadering.

7.4 HERSIENING VAN DIE REËLS EN PROSEDURES VIR WYSKOMITEES (3/4/4/B)

Daar word op 'n kwartaallikse basis verslag gedoen aan Provinsie (Departement: Publieke Deelname) insake die funksionering van wykskomitees.

Alhoewel die wykskomitees in die Swartland munisipale area bevredigend funksioneer, bly die skakeling met sektore in die wyke steeds 'n groot uitdaging te wees. Daar is ondervind dat organisasies/forums/verenigings nie die toepaslike kandidate na wykskomitees nomineer nie, en is die wykskomiteelid dan nie aktief betrokke in die sektor om wedersydse skakeling te bewerkstellig nie.

Gedurende Maart/April is wykskomitees geleentheid gegee om insette te lewer ter hersiening van die bestaande reëls en prosedures vir wykskomitees. Daar het na afloop hiervan 'n werkwinkel met lede van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee, wyksraadslede en wyksbestuurders op 11 Mei 2016 plaasgevind.

Die onderskeie wyses waarop 'n wykskomitee saamgestel kan word, is in diepte gedurende die werkwinkel bespreek en daar is ooreengekom dat die reëls en prosedures vir wykskomitees gewysig word om slegs voorsiening te maak vir geografiese verteenwoordiging.

Alhoewel die struktuur gebaseer is op geografiese verteenwoordiging, kan daar ook 'n spesifieke belang aan een of meer van die wykskomiteelede toegeken word, wat sal beteken dat die wykskomitees die algemene belange in sy of haar geografiese area moet verteenwoordig, sowel as die sektorale belang van die wyk wat aan hom of haar toegeken is.

Besluit/...

7.4/...

BESLUIT

(a) Dat die hersiende Reëls en Prosedures vir Wykskomitees in beginsel goedgekeur word vir voorlegging aan die Raad op 28 Julie 2016;

(b) Dat, na goedkeuring van die Raad op 28 Julie 2016, dit ook aan die 'nuwe' Raad op 11 Augustus 2016 voorgelê sal word vir aanvaarding, tesame met die prosesplan vir die instelling van wykskomitees na afloop van die Plaaslike Verkiesings.

7.5 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSEDURES: AANSTELLING VAN *ROD WARNER ASSOCIATES CC* VIR OPLEIDING VAN NUWE RAADSLEDE EN SENIOR/MIDDELVLAK BESTUUR (4/6/2)

Mnr Rod Warner van *Rod Warner Associates cc* het 'n opleidingsprogram genaamd "*Building Resilience: Strength for Life*" ontwikkel vir werknemers wat op die unieke Suid-Afrikaanse werksomgewing gebaseer is en gedragsaanpassings by 'n moeilike/uitdagende werksomgewing aanmoedig.

Aangesien die program reeds met groot sukses by verskeie provinsiale departemente aangebied is, asook by munisipaliteite waaronder Bergrivier Munisipaliteit en Stad Kaapstad, is mnr Warner genader om ook soortgelyke intervensies op Malmesbury te kom aanbied.

Mnr Warner is 'n alleenverskaffer van die diens.

BESLUIT

(a) Dat kennis geneem en die optrede van die Munisipale Bestuurder gekondoneer word met betrekking tot die aanstelling van *Rod Warner Associates cc* vir die aanbieding van sg. *Resilience Training*-sessies vir sowel nuwe raadslede en bestuur gedurende Augustus 2016, en daar van die voorgeskrewe verkrygingsprosesse afgewyk word vir die volgende redes:

(i) Mnr Warner 'n alleenverskaffer van die diens is, en dit baie moeilik en onprakties sal wees om spesifikasies saam te stel vir doeleidnes van evaluering in die lig van die feit dat die program gebaseer is op unieke werkomgewingstudies deur die alleenverskaffer;

(b) Dat die aanstelling gedoen word ten bedrae van R59 979.48 (R52 613.58 plus 14% BTW) en teen posnommer 11-48-52-00-2496 (O & M Ondersoek) in die 2016/2017 begroting verreken sal word;

(c) Dat die Bestuurder: Finansiële State en Beheer in terme van die Voorsieningskanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde redes as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

7.6 SALGA: *HUMAN RESOURCES DEVELOPMENT AND COLLECTIVE BARGAINING WORKING GROUP: 12 MAY 2016* (11/1/1/24)

Die SALGA *Human Resources Development and Collective Bargaining* werksgroepvergadering was bygewoon deur rdl M van Zyl en die Senior Bestuurder: Menslike Hulpbronne, me S de Jongh op 12 Mei 2016.

Die verslag tot die sakelys bevat die kommentaar vanaf die Snr Bestuurder: Menslike Hulpbronne wat dien as toeligting van die onderskeie items wat op die werks-groepvergadering behandel is.

BESLUIT

Dat daar kennis geneem word van die agenda van SALGA se "Human Resources Development and Collective Bargaining" werksgroepvergadering van 12 Mei 2016.

7.7 JAARLIKSE VERSLAG AANGAANDE DIE IMPLEMENTERING VAN DIE VOORSIENINGSKANAALBESTUURSBELEID VIR DIE PERIODE 1 JULIE 2015 TOT 30 JUNIE 2016 (8/1/B/2)

Regulasie 6(2)(a)(i) van die *Municipal Supply Chain Management Regulations* bepaal dat daar jaarliks 'n verslag aan die Uitvoerende Burgemeester voorgelê moet word aangaande die implementering van die Voorsieningskanaalbestuursbeleid.

Die jaarverslag vir die periode 1 Julie 2015 tot 30 Junie 2016 is met die sakelys gesirkuleer.

BESLUIT

Dat daar kennis geneem word van die jaarverslag ten opsigte van die implementering van die Voorsieningskanaalbestuursbeleid vir die periode 1 Julie 2015 tot 30 Junie 2016.

7.8 VERSLAG I.T.V. ARTIKEL 15(3) VAN DIE MUNISIPALE EIENDOMSBELASTING-WET AANGAANDE EIENDOMSBELASTINGVRYSTELLINGS, AFSLAG, KORTING EN *"REVENUE FORGONE"* VIR DIE 2015/2016 FINANSIËLE JAAR (5/3/1/3)

Ingevolge artikel 15(3) van Munisipale Eiendomsbelastingswet is die Munisipale Bestuurder verplig om jaarliks verslag te doen aan die Raad rakende alle belasting-vrystellings, -afslag en -kortings wat in die vorige finansiële jaar toegestaan is.

Die verslag vir die periode 1 Julie 2015 tot 30 Junie 2016 is met die sakelys gesirkuleer.

BESLUIT

Dat daar kennis geneem word van die verslag soos voorgeskryf in die Munisipale Eiendomsbelastingwet vir die periode 1 Julie 2015 tot 30 Junie 2016.

7.9 AFSKRYWING VAN ONINBARE SKULD JUNIE 2016 – DEERNISHUISHOUDINGS TEN BEDRAE VAN R1,567,159.66 EN ANDER ONINVORDERBARE SKULDE TEN BEDRAE VAN R858,221.52 (5/7/1/1/MY)

Voortspruitend uit die Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou op 8 Junie 2016 wor die werklike bedrag afskryf ten opsigte van deernishuishoudings en ander oninvorderbare skuld voorgelê.

BESLUIT

(a) Dat kennis geneem word dat die bedrae wat werklik afgeskryf is ten opsigte van deernishuishoudings R1,567,159.66 beloop en ten opsigte van ander oninvorderbare skulde R858,221.52 beloop;

(b) Dat kennis geneem word dat Swartland Munisipaliteit die reg voorbehou om enige bedrag wat afgeskryf is, weer terug te skryf na die betrokke debiteur en alle nodige stappe geneem sal word om die skuld in te vorder, indien dit vanaf datum van hierdie goedkeuring aan die lig kom dat –

(i) 'n huishouding nie aan die deerniskriteria voldoen het nie (soos bepaal in Hoofstuk 5: Deernisondersteuning van die Kredietbeheer- en Skuldinvorderingsbeleid); of
(ii) 'n gedeelte van die skuld of die totale skuld van 'n debiteur nie korrek sou wees nie; of
(iii) enige inligting wat op datum van afskrywing nie aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee bekend was, wat daartoe sou lei dat die komitee die voorgelegde skuld nie vir afskrywing sou oorweeg nie;

(c) Dat kennis geneem/...

7.9/...

(c) Dat kennis geneem word dat indien ‘n eiendom op welke wyse ookal vervreem sou word, Swartland Munisipaliteit die reg voorbehou om uitklaring op die betrokke eiendom te weerhou en die bedrae afgeskryf eers in te vorder, alvorens uitklaring op die betrokke eiendom gegee sal word. ‘n Register is by die Eiendomsbelastingafdeling ingestel waarin gekontroleer word of daar ten opsigte van die betrokke uitklaring vir die voorafgaande twee jaar voor uitklaring, enige afskrywing was en dat indien wel, die afgeskryfde bedrag met die uitklaring verhaal word.

7.10 UITSTAANDE DEBITEURE – JUNIE 2016 (5/7/1/1)

’n Volledige verslag van die stand van uitstaande debiteure is met die sakelys gesirkuleer.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die verslag aangaande die stand van uitstaande debiteure vir die maand van Junie 2016.

7.11 VORDERING MET UITSTAANDE VERSEKERINGSEISE (5/14/3/5)

Ingevolge die Batebestuursbeleid moet maandeliks verslag gedoen word insake die uitstaande versekeringseise.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die stand van uitstaande versekeringseise soos met die sakelys gesirkuleer.

7.12 NERSA GOEDKEURING VAN ELEKTRISITEITSTARIEWE VIR 2016/2017 (16/2/1/2/1) (WYKE 1 – 12)

Die munisipale raad het op 31 Maart 2016 die konsep elektrisiteitstariewe goedgekeur wat ingevolge die konsultasiedokument van NERSA, en in die lig van 'n Eskom-verhoging van 7,86% vir 2016/2017 bepaal is. Die voorgestelde tariewe is op 1 April 2016 aan NERSA vir goedkeuring deurgegee.

Verskeie konsultasies het na afloop van die indiening met NERSA plaasgevind, waarna finale goedkeuring op 8 Junie 2016 vanaf NERSA ontvang is.

BESLUIT (vir kondonering aan Raad)

(a) Dat kennis geneem word van die goedkeuring van die verhoging van elektrisiteitstariewe deur NERSA vir die finansiële jaar 2016/17;

(b) Dat die volgende verlaagde tariefverhoging soos deur NERSA vasgestel vir 2016/17, goedgekeur en aanvaar word en die gevolg van ’n geskatte laer jaarlikse inkomste van R12 774 (0.0052% van die totale geskatte inkomste), kennis geneem word:

Tarief	NERSA Verhoging toegestaan	Tarief per kWh goedgekeur deur NERSA
4. Kommersieel alternatief <15A	6.60%	R1.9210
9. Sportveldverligting insluitende instandhouding	0%	R2.9449

7.13 SPESIALE AANSOEK VIR BEFONDSING BY DIE NASIONALE LOTERY KOMMISSIE VAN SUID-AFRIKA (16/5/5/1)

Item word geskrap.

7.14 WYSIGING VAN DIE MUNISIPALE RUIMTELIKE ONTWIKKELINGSRAAMWERK: AANVAARDING VAN STATUS QUO VERSLAG (15/1/4/1)

Die Swartland Munisipaliteit se Verordening insake Grondgebruiksbeplanning stipuleer die prosedures wat gevolg moet word om die munisipale ruimtelike ontwikkelingsraamwerk te wysig. Ingevolge artikel 7(1)(a) moet 'n konsep status quo verslag saamgestel word wat 'n assesering van die bestaande vlakke van ontwikkeling en die ontwikkelingsuitdagings in die munisipale gebied saamstel.

BESLUIT

Die Raad die status quo verslag in terme van artikel 7(1)(a) van Swartland Munisipaiteit se Verordering op Grondgebruiksbeplanning aanvaar.

7.15 DAARSTELLING VAN DIE MUNISIPALE BEPLANNINGSTRIBUNAAL: AANWYS VAN LID (3/2/4)

Die Uitvoerende Burgemeesterskomitee het op 22 Julie 2015 eksterne lede tot die Munisipale Beplanningstribunaal aangewys. Intussen het me L Waring as eksterne lid bedank en word die komitee versoek om die aanstelling van mnr W Steyn (wat as sekunde aangewys was) te bekragtig.

BESLUIT

(a) Dat mnr Willie Steyn as 'n eksterne lid tot die Munisipale Beplannings-tribunaal aanvaar word;

(b) Dat die diensvoorwaardes soortgelyk sal wees wat op ander eksterne lede van toepassing is;

(c) Dat mnr Willem de Kock as volle lid aanbeveel word in die afwesigheid van enige van die twee eksterne lede;

(d) Dat die lid dienooreenkomstig in kennis gestel word.

7.16 VOORGESTELDE HERSONERING VAN ERF 831, YZERFONTEIN (15/3/5-14; 15/3/3-14) (WYK 5)

Aansoek word gedoen vir die hersonering van 'n gedeelte van erf 831 (groot ±80m²), geleë te Parkstraat, Yzerfontein vanaf enkelresidensiële sone 1 na sakesone 2 ten einde 'n winkel wat visprodukte verkoop, te bedryf. Die geregistreerde eienaar is A J Basson.

Bevestiging van die opheffing van titelvoorwaardes deur die Departement van Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning (soos goedgekeur deur die Uitvoerende Burgemeesterskomitee op 16 Oktober 2013) is afgewag, alvorens die hersonering oorweeg kon word. Daar is dus toestemming vir die bedryf van die winkel vanaf die perseel op 'n tydelike basis verleen. 'n Skrywe gedateer 20 Mei 2016 is vanaf die betrokke departement ontvang as bevestiging dat die opheffing van titelvoorwaardes op erf 831, Yzerfontein goedgekeur is.

BESLUIT

Dat die aansoek vir die hersonering van 'n gedeelte van erf 831 (groot ±80m²), Yzerfontein vanaf enkelresidensiële sone 1 na sakesone 2, ingevolge Artikel 16(1) van Ordonnansie 15 van 1985, goedgekeur word onderhewig aan die volgende voorwaardes:

A1 STADSBEPLANNING EN BOUBEHEER

(a) Dat die sakesone 2 sonering beperk word tot ±80m² soos voorgehou in hierdie aansoek vir die bedryf van 'n winkel wat visprodukte verkoop;

7.16/A1...

(b) Dat bouplanne vir die omskepping van die gedeelte van die woonhuis na die winkel aan die Direkteur: Ontwikkelingsdienste vir oorweging en goedkeuring voorgelê word. Bouplanne moet binne ‘n tydperk van 60 dae na die datum van hierdie goedkeuring ingedien word siende die besigheid reeds bedryf word;

(c) Dat ‘n totaal van 6 op-perseel parkeerplekke voorsien word van ‘n permanente stofvrye oppervlakte hetsy teer, beton of plaveisel of ‘n materiaal vooraf goedgekeur deur Swartland Munisipaliteit en dat die parkeerplekke duidelik gemerk word. Uitvoering moet gegee word aan hierdie voorwaarde binne ‘n tydperk van 60 dae na die datum van hierdie goedkeuring siende die besigheid reeds bedryf word;

(d) Dat ‘n aansoek vir die oprigting van advertensietekens aan die Direkteur: Ontwikkelingsdienste vir oorweging en goedkeuring voorgelê word. Uitvoering moet gegee word aan hierdie voorwaarde binne ‘n tydperk van 60 dae na die datum van hierdie goedkeuring siende die besigheid reeds bedryf word;

(e) Dat aansoek gedoen word by die Weskus Distrikmunisipaliteit vir ‘n geskiktheidsertifikaat en by Swartland Munisipaliteit vir ‘n handelslisensie. Uitvoering moet gegee word aan hierdie voorwaarde binne ‘n tydperk van 60 dae na die datum van hierdie goedkeuring siende die besigheid reeds bedryf word;

(f) Dat die beswaarmaker op sy reg tot appèl per geregistreerde pos gewys word;

A2 WATER

(a) Dat die winkel van die bestaande wateraansluiting gebruik maak en dat geen addisionele aansluitings voorsien sal word nie;

A3 RIOOL

(a) Dat daar geen vette en olies gestort word in die riooluitsuigtenk nie;

A4 VULLISVERWYDERING

(a) Dat die basiese vullisverwyderingstarief vir die woonhuis en die besigheid gehef word en in die geval van die besigheid sal die tarief aangepas word namate die hoeveelheid vullis wat verwyder word;

(b) Dat die vullis in vullissakke op die naaste munisipale sypaadjie op oggend van verwydering geplaas word.

7.17 AFWYKING VAN DIE VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSEDURE: AANSTEL VAN CK RUMBOLL & VENNOTE (15/1/4/1)

C K Rumboll en Vennote is reeds 15 jaar betrokke by ruimtelike ontwikkelings-beplanning in die Swartland en ook vir die Munisipaliteit. Die firma beskik dus oor uitgebreide kennis en ondervinding, veral t.o.v. die ontwikkelingsuitdagings vir die Swartland munisipale area, en dus ook om die wysigings op die Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk te kan hanteer.

BESLUIT

(a) Dat die firma CK Rumboll & Vennote aangestel word om die wysiging van die munisipale ruimtelike ontwikkelingsraamwerk te hanteer ten einde aan nasionale en provinsiale wetgewing te voldoen en dit daarmee te belyn;

(b) Dat goedkeuring in terme van paragraaf 36(1)(a)(v) van die Voorsieningskanaalbestuursbeleid vir afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedure verleen word aangesien die betrokke diensverskaffer oor institutionele kennis vir baie jare rakende ruimtelike ontwikkelingsbeplanning in Swartland beskik en dat dit onprakties sal wees om amptelike verkrygingsproses te volg om 'n ander diensverskaffer aan te stel;

7.17/...

(c) Dat die aanstelling gedoen word en teen posnommer 17-32-52-00-28-80-2895 in die 2016/17 begroting verreken sal word;

(d) Dat die Bestuurder: Finansiële State en Beheer in terme van die Voorsieningskanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde redes as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

(GET) T VAN ESSEN
UITVOERENDE BURGEMEESTER